

# St. Gaudentius

## 25 Oktober

(sterf c. 420)

Hy word in 387 biskop van die Noord-Italiaanse stadjie Brescia. Wat hom so interessant maak is dat hy ’n outobiografie geskryf het wat ons ’n fassinerende kyk gee in die lewe van die Vroeë Kerk. Hy was op ’n pelgrimsreis in die Heilige Land toe die nuus hom bereik dat hy tot biskop verkies is. Hy bring relieke van St. Johannes die Doper en die Veertig Martelare van Sebaste terug (wat hy van die susterskinders van die beroemde St. Basilius ontvang het). Hy laat ’n spesiale basiliek in Brescia bou om die relieke te huisves. Hy was ’n tydgenoot en kennis van beide St. Ambrosius in Milaan, asook St. Johannes Chrysostomus. Uit die 21 preke van hom wat behoue gebly het leer ons hoe die Christelike geloof destyds verkondig en aan mense uitgelê is. Toe hy sterf is hy in die basiliek begrawe wat hy gebou het en sy stoflike oorskot word vandag nog daar bewaar .

© Die Oratorium Uitgewery